Voorskrif
op
Voorskrif

# 2 Thessalonicense

## Laat Jou nie oor Sy Wederkoms Mislei nie

# 2 THESSALONICENSE
## LAAT JOU NIE OOR SY WEDERKOMS MISLEI NIE
VOORSKRIF OP VOORSKRIF

A translation of the book:
2 THESSALONIANS
SO YOU WON'T BE DECEIVED ABOUT HIS COMING
published by Precept Ministries International
© 1991, 1993, 1997, 2000, 2007 Precept Ministries International
5th Edition

© 2009 Precept Ministries SA. Alle regte voorbehou. Hierdie materiaal word gepubliseer deur, en is die alleenbesit van, Precept Ministries of Reach Out, Inc. of Chattanooga, Tennessee. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel.

Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

1ste Druk, 5de Uitgawe (200)
Gedruk in Suid-Afrika
Maart 2009

Gedruk deur:
**Precept Ministries (SA)**
**Posbus 539**
**HOWARD PLACE**
**7450**
**SUID-AFRIKA**
**www.precept.org.za**
**Tel./Faks +27 (0)21 531 1836**

| BLADSY | LESSE | |
|---|---|---|
| 1 | LES EEN: | **Oorsig** |
| 19 | LES TWEE: | **Waarnemingswerkblad: 2 Thessalonicense 1** |
| 33 | LES DRIE: | **Waarnemingswerkblad: 2 Thessalonicense 2** |
| 39 | LES VIER: | **Die toekoms van die kerk en verband daarvan met die dag van Christus** |
| 51 | LES VYF: | **Waarnemingswerkblad: 2 Thessalonicense 3 en Gebed** |
| 59 | LES SES: | **Die Bose/Werke** |
| | **BYLAE** | |
| 75 | **Waarnemingswerkblaaie** | |
| 81 | **Omtrent Precept Ministries** | |

## NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY
**How to Study Your Bible: Precept Upon Precept**
*Eugene, Oregon, Harvest House Publishers, 1994*

**Griekse Woordstudiehulpmiddels**

**Kommentare oor 2 Thessalonicense**
*(Sien kommentare hieronder)*

## AANBEVOLE KOMMENTARE

BAXTER, J. SIDLOW
**Explore the Book**
*Grand Rapids, Michigan, Zondervan Publishing House, 1960*

GUTHRIE, DONALD
**The Pastoral Epistles. Tyndale New Testament Commentaries**
*Grand Rapids, Michigan, William B. Eerdman's Publishing Company, 1990*

MORRIS, LEON
**Tyndale New Testament Commentaries: 1 and 2 Thessalonians**
*Grand Rapids, Michigan, William B. Eerdman's Publishing Company, 1984*

THOMAS, ROBERT L.; EARLE, RALPH; HIEBERT, E. EDMUND
**The Expositor's Bible Commentary: 1, 2 Thessalonians, 1, 2 Timothy, Titus**
*Grand Rapids, Michigan, Zondervan Publishing House, 1996*

## AANBEVOLE SAGTEWARE

**Logos Bybelsagteware**
Kragtige soekenjins met tot 4,000 elektroniese studiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse ensiklopedieë, ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding – ideaal vir woord- en tematiese studies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse teks. Beskikbaar by www.logos.com.

*Precept Ministries SA*
*Posbus 539*
*Howard Place, 7450, Suid-Afrika*



# LES EEN
# Oorsig

DIE LES SLUIT IN

Waarnemingswerkblaaie oor 2 Thessalonicense, agter in Bylae
Kruisverwysings

**Die tyd is kort. Jy het 'n wyse keuse gemaak om God se Woord nou te bestudeer.**

## DAG EEN

Elke boek van die Bybel is 'n openbaring van God wat op 'n spesifieke tyd aan 'n bepaalde persoon gegee is met 'n goddelike doel voor oë. Of die skrywer daarvan bewus was dat hy op bonatuurlike wyse deur die Almagtige geïnspireer is om God se gedagtes, hart, wysheid en lering op te teken in wat aan ons bekend sou wees as die Heilige Skrif, weet ons regtig nie. Ons weet egter wel dat ons 'n samestelling van ses en sestig verskillende boeke het, almal deur God geïnspireer en foutloos, wat oor 'n tydperk van 1600 jaar deur ongeveer veertig mans geskryf is. Hierdie kennis is genoeg. Om egter in die dieptes van God se Boek in te delf, is 'n lewenstaak.

Hierdie studie sal jou help om voort te gaan met jou God-gegewe taak, sodat, wanneer jou Here kom, jy as werker wat beproef voor God gestel is, bevind sal word. As jy 'n kind van God is, het jy die Heilige Gees, jou inwonende leermeester. Hy sal jou lei en in alle waarheid rig. Maak daarom gebed 'n integrale deel van jou studie.

1. As jy nog nooit 'n Voorskrif op Voorskrif kursus bestudeer het nie, lees die hoofstukke "The Rule of Context - Context Rules!" en "Getting the Big Picture" in *How to Study Your Bible: Precept Upon Precept*.

   Die doel van hierdie eerste les is om die konteks van 2 Thessalonicense te ontdek. Dit is die belangrikste les wat jy gaan doen omdat dit die grondslag lê vir al die ander lesse. Omdat konteks altyd van die uiterste belang is in interpretasie, en die Bybel in die lig van sy konteks geïnterpreteer moet word, is die eerste stap in jou studie van enige Bybelboek die **Oorsig**, die oorsigtelike waarneming van die hele boek, om die konteks daarvan te ontdek.

   Die prosedure vir die ontdekking van die konteks begin deur op te let na die **ooglopende** dinge wat in 'n betrokke Bybelboek genoem word. Soos ons by ons Opleidingsinstituut[1] leer, is daar altyd drie ooglopende dinge wat maklik is om raak te sien: mense, plekke en gebeurtenisse.

[1] Elke kind van God behoort hierdie instituut by te woon. Dit sal 'n ommekeer bring in jou verhouding met die Woord van God en dien as toerustingskool vir die werk in die bediening wat God vir jou het. Vir verdere inligting, skakel met Precept Ministries, Posbus 539, Howard Place, 7450, Suid-Afrika. Telefoon +27 (0)21 531 1836

*© 2009 Precept Ministries International*

Wanneer jy begin om na die ooglopende te kyk, sal dié dinge in 'n boek wat nie so maklik verstaanbaar is nie, duideliker word indien jou studie op die ooglopende gefokus bly. 'n Begrip van die konteks sal jou help met jou interpretasie van die onduidelike, moeilik verstaanbare gedeeltes van enige boek.

2. Lees 2 Thessalonicense 3:14, 17 en skryf dan neer watter soort literatuur dit is en wie die skrywer van die boek is.

3. Aangesien 2 Thessalonicense 'n brief is, is die beste plek om jou studie te begin by die skrywer, omdat hy die eerste persoon is wat in die boek genoem word. Die eerste ding wat jy dus wil vassstel, is wat die boek sê omtrent die skrywer. Terwyl jy besig is om hierdie feite te oorweeg, sal die konteks van 2 Thessalonicense begin ontvou.

   Om dit te doen, lees deur 2 Thessalonicense en merk met 'n spesifieke kleur of kleursimbool elke verwysing na die skrywer se naam, tesame met die voornaamwoorde soos *ek*, *my* en *ons,* wat spesifiek na hom verwys.

   Gebruik die Waarnemingswerkblaaie in die Bylae vir elke opdrag. Hierdie Waarnemingswerkblaaie is die teks van 2 Thessalonicense uit die *Ou Afrikaanse Vertaling*, gedruk in dubbel spasiëring en is presies wat dit sê: werkblaaie. Ons moedig jou aan om jou werk daarop te doen en dalk op 'n later stadium sommige van jou studie-aantekeninge oor te dra na jou Bybel.[1]

4. Lees alle aanwysings voordat jy met hierdie opdrag begin.

   a. Gebruik jou gemerkte Waarnemingswerkblaaie en lees weer al drie hoofstukke van 2 Thessalonicense. Terwyl jy lees, let sorgvuldig op na elke plek waar jy die skrywer gemerk het en kyk of dit een van die **5W's en H-vrae** (wie, wat, wanneer, waar, waarom en hoe?), wat die skrywer op unieke wyse beskryf, beantwoord.

   b. Wanneer jy die antwoord op een van die vrae vind, gebruik jy dieselfde kleur as wat jy gebruik het om die skrywer te merk, en skryf die antwoord in die kolom van die betrokke hoofstuk op die "**Mense in 2 Thessalonicense**"-tabel wat jy aan die einde van die les sal vind. As jy nie 'n pen in dieselfde kleur het nie, klemkleur ("highlight") eenvoudig wat jy geskryf het in dieselfde kleur as wat jy op jou Waarnemingswerkblad gebruik het.

[1] *The International Inductive Study Bible* is ideaal hiervoor. Dit is die beste studie-Bybel op die mark omdat dit jou nie voorsê wat die teks beteken nie. Dit gee eerder instruksies vir die studie van elke boek van die Bybel, saam met baie ander waardevolle studie hulpmiddels.


© 2009 Precept Ministries International

**Wie** is die skrywer?

**Wat** sê hy omtrent homself?

**Wat** is sy omstandighede?

**Wat** is sy verhouding met die ontvangers? **Hoe** voel hy omtrent hulle?

**Wanneer** in sy lewe skryf hy?

Die volgende is 'n voorbeeld van hoe om die antwoorde op die tabel te lys:

MENSE IN 2 THESSALONICENSE

| Hoofstuk 1 | Hoofstuk 2 | Hoofstuk 3 |
|---|---|---|
| 1:1 Paulus<br>1:3 dank God vir hulle<br>roem oor hulle<br>1:4 hy is trots op hulle | | |

Wees bondig met jou antwoorde, soos jy in die voorbeeld kan sien. Gebruik woorde uit die teks en dui aan uit watter vers jou antwoord kom. Terloops, as jy jouself leer om woorde direk uit die Bybel te gebruik, sal jy vind dat jy die werklike woorde van God in jou denke en hart vestig - dié woorde wat gees, lewe en waarheid is en wat jou afsonder en heilig.

Soos jy deur 2 Thessalonicense werk, sal jy vind dat sommige vrae op meer as een plek in die teks beantwoord word en dat sommige verse meer as een van die vrae beantwoord. Aan die ander kant mag sommige van die verwysings wat jy in die eerste opdrag gemerk het, nie die vrae beantwoord nie. Indien hulle nie enige van die **5 W's en H**-vrae beantwoord nie, moet jy hulle nie op die tabel inskryf nie.

5. Gaan die antwoorde na wat jy op jou "**Mense in 2 Thessalonicense** "- tabel ingeskryf het. Skryf op die "**2 Thessalonicense Oorsigwerkblad**" aan die einde van die les wat die feite sê oor die tyd toe hierdie boek geskryf is. Hierdie feite gee vir jou die **historiese agtergrond** van 2 Thessalonicense. Die historiese agtergrond is 'n beskrywing van die omstandighede waartydens die boek geskryf is.

   Jy sal hierdie Oorsigwerkblad voltooi soos jy voortgaan om 2 Thessalonicense waar te neem. Teen die einde van die week sal die tabel voltooi wees en sal jy nie alleen 'n goeie visuele hulpmiddel hê wat jou sal help om die boek 2 Thessalonicense met een oogopslag waar te neem nie, maar sal jy ook 'n goeie begrip van die konteks van 2 Thessalonicense hê. Jy sal verbaas en opgewonde wees as jy agterkom wat jy alles op jou eie kon raaksien.

*© 2009 Precept Ministries International*

6. Oordink weer die feite wat jy op die "**Mense in 2 Thessalonicense**"-tabel gelys het en kyk of jy die volgende vrae kan beantwoord. (Dit mag dalk vir jou 'n bietjie vroeg in jou studie wees om die antwoorde op sommige van die vrae raak te sien.)

   a. Waarom dink jy het Paulus hierdie brief geskryf?

   b. Sien jy enige woorde (sinonieme ingesluit) wat herhaaldelik in elke individuele hoofstuk voorkom? 'n Sinoniem is 'n woord wat binne 'n bepaalde konteks dieselfde betekenis as 'n ander woord het.

   c. Wat blyk Paulus se kernboodskap aan die Thessalonicense te wees?

7. Wat het jy vandag uit jou waarneming van Paulus geleer wat jy op jou persoonlike wandel met die Here kan toepas?


_© 2009 Precept Ministries International_

# DAG TWEE

As ons vandag voortgaan om na 2 Thessalonicense as geheel te kyk, sal ons studie steeds fokus op die mense wat in die boek genoem word. Dit is die moeite werd om te herhaal wat ons reeds gesê het: wanneer jy op die uitkyk vir die ooglopende is, is mense maklik om raak te sien.

1. Lees al drie hoofstukke van 2 Thessalonicense en merk elke verwysing na die ontvangers op jou Waarnemingswerkblaaie. Gebruik 'n ander kleur as waarmee jy die skrywer gemerk het. Maak ook seker dat jy die voornaamwoorde wat betrekking het op die ontvangers, soos *julle*, *jul*, *julle wat* en sinonieme soos *broeders* merk.

2. Lees weer 2 Thessalonicense.

   a. Skryf nou in die toepaslike kolom van die "Mense in 2 Thessalonicense"-tabel die antwoorde op die volgende **5 W's en H**-vrae, wat die ontvangers se **unieke** eienskappe beskryf:

      **Wie** is die ontvangers?

      **Hoe** word hulle beskryf?

      **Wat** is hulle omstandighede?

      **Wat** het gebeur wat aanleiding gegee het tot Paulus se besorgdheid oor hulle?

      **Wat** is hul verhouding met Paulus? Het hulle hom al ooit voor die ontvangs van hierdie brief gesien, van hom gehoor of met hom verkeer?

   b. Volg dieselfde riglyne as toe jy hierdie prosedure ten opsigte van die skrywer toegepas het. Gebruik dieselfde kleur as waarmee jy die ontvangers op jou Waarnemingswerkblaaie gemerk het en gebruik woorde direk uit die teks.

      Let net op na die **ooglopende** feite wat die ontvangers se uniekheid beskryf.

      Die volgende is 'n voorbeeld van hoe om die feite op die tabel aan te teken:

MENSE IN 2 THESSALONICENSE

| Hoofstuk 1 | Hoofstuk 2 | Hoofstuk 3 |
|---|---|---|
| 1:1 Paulus<br>1:3 dank God vir hulle<br>roem oor hulle<br><br>1:1 gemeente van die Thessalonicense<br>1:3 broeders<br>deur God bemin<br>geloof het grootliks toegeneem | | |

3. Bestudeer jou tabel en beantwoord die volgende vrae:

a. Het jy enigiets omtrent die Thessalonicense opgelet wat jou sal help om die historiese agtergrond van 2 Thessalonicense vas te stel? Indien wel, voeg dit by jou "**2 Thessalonicense Oorsigwerkblad**" onder die opskrif "Historiese Agtergrond".

Toe jy die teks gemerk en die antwoorde op die **5W's en H**-vrae gelys het, het jy sekere feite omtrent die historiese agtergrond van 2 Thessalonicense ontdek. Besef jy wat so pas gebeur het? So dikwels dink mense die **enigste** manier om die historiese agtergrond van 'n boek te verstaan, is om kommentare oor die Bybel te lees, maar hulle weet nie dat sorgvuldige waarneming van die teks dit aan jou kan openbaar nie. Watter seën is dit nie vir mense van ander lande en taalgroepe wat nie kommentare in hul eie taal het nie, of, as dit wel bestaan, baie moeilik toegang daartoe kan verkry?

b. Watter woorde of onderwerpe beklemtoon die skrywer in elke hoofstuk?


© 2009 Precept Ministries International

4. Kan jy uit die teks agterkom **wanneer** Paulus hierdie brief aan die Thessalonicense geskryf het? Voor of na watter gebeurtenis? Lees 2 Thessalonicense 2:5, 15 vir leidrade.

5. Kan jy uit die teks sê *wat* gebeur het om Paulus aan te spoor om hierdie brief te skryf? Indien wel, skryf jou antwoord hieronder.

6. Met hierdie gebeurtenis in gedagte, waarom dink jy het Paulus hierdie brief op dié manier geëindig (2 Thessalonicense 3:17)? Vergelyk ook 1 Korinthiërs 16:21; Galasiërs 6:11 en Kolossense 4:18.

7. Waarom dink jy het Paulus hierdie brief geskryf? Of anders gestel, wat was die skrywer se doel met die skryf van 2 Thessalonicense? Skryf hierdie inligting onder "Doel" op die "**2 Thessalonicense Oorsigwerkblad**".

# DAG DRIE

1. Lees deur al die instruksies voordat jy met hierdie opdrag begin.

   In 2 Thessalonicense het Paulus hoofsaaklik op drie maniere met die Thessalonicense gekommunikeer. Hy het hulle vermaan (bemoedig), hul probleme aangespreek en aan hulle instruksies gegee. Lees dus vandag jou Waarnemingswerkblaaie oor 2 Thessalonicense en doen die volgende:

a. Gebruik 'n nuwe kleur of kleursimbool en merk al die **vermanings** (bemoedigings) wat Paulus aan die Thessalonicense gee. Gebruik dan dieselfde kleurkode om die vermanings te lys op die "Vermanings, Probleme, Instruksies"- tabel aan die einde van die les. Terwyl jy elke vermaning merk en lys, dink aan die konteks van hierdie brief en vra jouself af waarom elke vermaning gegee is, wat die doel daarvan was.

b. Gebruik 'n ander kleur of kleurkode en identifiseer en merk al die **instruksies** (bevele) wat Paulus aan die Thessalonicense gee. Gebruik dan dieselfde kleur om die instruksies te lys op die "Vermanings, Probleme, Instruksies"- tabel. Dink weer oor die konteks terwyl jy die instruksies lys en oordink waarom daardie betrokke instruksie gegee is.

c. Identifiseer en merk ook die **probleme** wat die skrywer aanspreek. Gebruik hiervoor weer 'n nuwe kleur of kleursimbool. Lys die probleme in dieselfde kleur op die "Vermanings, Probleme, Instruksies"- tabel. Terwyl jy dit hoofstuk vir hoofstuk lys, dink hoe Paulus se vermanings en instruksies verband hou met hierdie probleme.

Die volgende is 'n voorbeeld van hoe om hierdie dinge op die tabel te lys.

Aangesien hierdie boek nie in kleur gedruk is nie, het ons as volg tussen die kategorieë onderskei:

Vermanings = gewone druk, geen raampie nie

Probleme = met 'n raampie om

Instruksies = onderstreep

VERMANINGS, PROBLEME, INSTRUKSIES

| Hoofstuk 1 | Hoofstuk 2 | Hoofstuk 3 |
|---|---|---|
| 1:3 Dank God vir hul geloof en liefde<br>1:4 roem oor hul volharding en geloof onder al hul vervolginge en verdrukkinge wat hulle hulle verduur | 2:2 vra hulle om nie gou verstand te verloor of verskrik te word t.o.v. die dag van die Here nie | 3:1 Bid vir ons |

2. Bestee nou tyd daaraan om te oordink en te evalueer wat jy op die "Vermanings, Probleme, Instruksies"- tabel gelys het. Terwyl jy dit doen, let op na enige sleutelwoorde (belangrike beskrywende woorde) en hul sinonieme wat herhaaldelik in die boek voorkom. Merk


© 2009 Precept Ministries International

hierdie sleutelwoorde en hul sinonieme op kenmerkende maniere of in onderskeidende kleure op die tabel. Dit sal jou help om die onderwerpe te ontdek wat deur die skrywer aangespreek word.

3. Bestudeer weer die tabel en lys hieronder die onderwerpe wat aangespreek word in 2 Thessalonicense. Maak seker dat jy die hoofstuk en vers van elke onderwerp aandui.

4. Kyk weer na jou "Vermanings, Probleme, Instruksies"-tabel. Identifiseer die volgende en skryf jou insig op jou "2 Thessalonicense Oorsigwerkblad":

   a. Paulus se doel met die skryf van 2 Thessalonicense.

   b. Die tema van Paulus se kernboodskap aan die Thessalonicense aangaande die onderwerp(e) wat in hierdie boek behandel word. Skryf dit in die spasie vir die boektema. Terwyl jy die tema identifiseer, let beslis ook op hoeveel keer Paulus verwys na dinge wat hy hulle vantevore geleer het.

# DAG VIER

Twee Thessalonicense is in drie hoofstukke verdeel. Hierdie hoofstukindelings is nie deur God geïnspireer nie, maar is eerder mensgemaakte verdelings, net soos die vers indelings. Alhoewel die hoofstukke, en soms die verse, nie op die beste manier ingedeel is nie, help dit ons nogtans om te sien waar spesifieke waarhede in 'n betrokke hoofstuk en vers gevind kan word.

Ons gaan dus hierdie hoofstukindelings respekteer wanneer ons die tema identifiseer wat elke hoofstuk die beste opsom en die tema van die boek die beste ondersteun.

1. Lees slegs hoofstuk 1 en let op na die tema (hoofgedagte) van daardie hoofstuk.

   a. Terwyl jy die tema oorweeg, gaan terug na jou "Vermanings, Probleme, Instruksies"-tabel. Lees weer die feite wat in die kolom vir hoofstuk 1 gelys is.

*© 2009 Precept Ministries International*

b. Watter onderwerp word in hoofstuk 1 beklemtoon? Hoe kan jy opsom wat Paulus aan hulle sê, terwyl jy terselfdertyd die tema en doel van 2 Thessalonicense met mekaar in verband bring?

c. Wanneer jy die tema bepaal het, skryf dit in die kolom vir hoofstuk 1 op jou "2 Thessalonicense Oorsigwerkblad".

2. Volg dieselfde prosedure, lees hoofstuk 2 en hoofstuk 3 afsonderlik en identifiseer die tema (hoofgedagte) van elke hoofstuk. Skryf dan elkeen in die toepaslike kolom op jou "2 Thessalonicense Oorsigwerkblad".

   Vul enige ander inligting in wat nodig is vir die voltooiing van jou "2 Thessalonicense Oorsigwerkblad".

   Het enigiets in besonder uit 2 Thessalonicense hierdie week op 'n spesiale manier tot jou hart gespreek? Skryf dit hieronder neer. Maak seker dat jy aanteken waarom, en hoe dit tot jou gespreek het.

*Het jy al ooit "jou verstand verloor of verskrik geword" toe jy verskillende leringe gehoor het omtrent die dinge wat nog moet gebeur? Of het dit jou nie ontstel nie, omdat jy die Woord van God ken en verstaan? Sulke kennis laat jou standvastig aan die waarheid vashou, nie waar nie? Twee Thessalonicense is 'n boek wat jou sal vestig in die waarheid en sal verhoed dat jy "jou verstand verloor of verskrik word". Hoe nodig is dit nie vir die kerk van Christus om ag te slaan op die boodskap in 2 Thessalonicense nie!*


© 2009 Precept Ministries International

# DAG VYF

Omdat 2 Thessalonicense die tweede brief is - nie die eerste nie - is dit duidelik dat dit nie die eerste keer was dat Paulus aan hierdie mense geskryf het nie. Om jou te help om beter insig te verkry in die ontvangers en moontlik ook ter bevestiging van wat jy as tema en doel van 2 Thessalonicense gesien het, vergelyk die volgende kruisverwysings en kyk wat jy kan leer omtrent die Thessalonicense, hul verhouding met Paulus, hul omstandighede en die gemeenskaplike onderwerpe wat in 1 en 2 Thessalonicense behandel word. Skryf jou insig langs elke verwysing neer.

**Die Thessalonicense**

2 Thessalonicense 1:3

1 Thessalonicense 1:3
1 Thessalonicense 1:8

**Paulus se verhouding met die Thessalonicense**

2 Thessalonicense 1:10

1 Thessalonicense 2:13

**Verdrukking**

2 Thessalonicense 1:7

1 Thessalonicense 2:2
1 Thessalonicense 3:4

**Die Dag van Christus**

2 Thessalonicense 2:1-5

1 Thessalonicense 5:1-11

 *© 2009 Precept Ministries International*

**'n Ordelike Lewe; Werk**

2 Thessalonicense 3:6-13

1 Thessalonicense 2:9
1 Thessalonicense 4:10b-12
1 Thessalonicense 5:12-14

*Wel, jy is op jou pad en ons is verheug oor jou. Ons het nog net vyf weke oor en watter wonderlike en insiggewende weke gaan dit nie wees nie! Onthou net dat, wanneer jy ook al verlang om die Woord van God te bestudeer, die vyand daar sal wees met sy slinkse planne om jou te keer om jou wapenrusting aan te trek en jou een en enigste verdedigingswapen te slyp, naamlik die swaard van die Gees, wat die Woord van God is. Neem jou dus in jou hart voor dat jy hierdie studie gaan voltooi en dit gaan doen asof vir die Here. Jy sal nie spyt wees nie.*

MENSE IN 2 THESSALONICENSE

| | |
|---|---|
| **Hoofstuk 1** | |
| **Hoofstuk 2** | |
| **Hoofstuk 3** | |

*© 2009 Precept Ministries International*

## VERMANINGS, PROBLEME EN INSTRUKSIES

| | |
|---|---|
| **Hoofstuk 1** | |
| **Hoofstuk 2** | |
| **Hoofstuk 3** | |


*© 2009 Precept Ministries International*

# 2 THESSALONICENSE OORSIGWERKBLAD

**Boektema:**

**Hoofstuktemas**

**Outeur:**

| |
|---|
| **1** |
| **2** |
| **3** |

**Sleutelwoorde:**

**Doel:**

**Historiese Agtergrond:**

© 2009 *Precept Ministries International*